## Hoofstuk 46 - VERENIGINGS EN GEMEENSKAP REËLS (24.01.1841) HIM1.266

(Die eerste vers van hierdie hoofstuk bestaan nie in die oorspronklik teks nie!)

2] Maar waar 'n gemeenskap bestaan, is dit vanselfsprekend dat daar, afhangende van die doel van die gemeenskap, ook voorwaardes moet wees wat met hierdie doel ooreenstem, en dat hierdie voorwaardes deur elke lid van die gemeenskap as wette of, soos julle sê, as statute nagekom moet word.

3] Die vraag is dus wie die wette of statute moet opstel of voorskryf. Uit die vereniging moet gekies word, die verstandigste, insiggewendste en mees ervare man; en hierdie, aldus verkose "Voorsitter" moet dan mettertyd, afhangend van die omstandighede vir die doel van die gemeenskap, drie tot sewe "adviseurs" of "raadslede" kies. En wanneer so 'n "bestuur" opgerig is, dan eers moet die "wette" of "statute" deur hierdie raad opgestel word, wat ooreenstem met die doel waarvoor die gemeenskap vir homself die nuttige realisering daargestel het.

4] Hierdie statute moet dan noukeurig en breedvoerig voorgelees en verduidelik word aan elke toetredende lid. En geen toetredende lid mag beswaar maak nie. Maar as hy die verordeninge nuttig vind, kan hy aansluit. Daarenteen kan hy hom na willekeur weerhou. En niks in die statute moet verander word ter wille van die werwing van enige lid nie, maar soos dit oorspronklik gegee is, so moet dit voortbestaan, so lank as die verbintenis van so 'n vereniging voortduur.

5] Want as, soos gewoonlik die geval is, na gelang van omstandighede van die saak en van toetredende lede, sulke geldig opgestelde statute spoedig hier en daar gewysig gaan word, dan lewer sulke wysigings slegs sprekende bewys dat so 'n gemeenskap op swak en onbetroubare bene staan, wat selfs deur 'n ligte windvlaag sal wankel. Want nuwe wette maak bestaandes onvolmaak. En wanneer 'n nuwe wet 'n vroeëre wet op een of ander manier moet ondersteun, is dit 'n teken dat die vorige wet siek, gebreklik en nutteloos was. Dit lei daartoe dat, deur sulke vernuwings, 'n gemeenskaplike instelling of doellose vereniging meer en meer in diskrediet laat wegsink, uiteindelik heeltemal ontbind en met hom ook die goedbedoelde saak ondergaan.

6] Daarom is hierdie ook die beste grondwet tot vorming van enige doelgerigte gemeenskap, dat daar veral 'n insiggewende en goed ervare man aan die spits gekies word, maar hierdie man het dan dadelik die reg, soos hierbo aangedui, om helpers aan sy sy aan te stel.

7] As hierdie net by die stigting van 'n vereniging in ag geneem en gehandhaaf word, sal die samelewing lyk soos 'n mens in wie die sensitiewe, gevoelvolle en volkome lewensproses beherende hart die middelpunt is van die ganse organisme, wat die omsluitende liggaam van die nodige gevoelens voorsien en as't ware instandhou as sy "raad", waardeur die ganse organisme van die mens, en dus die mens self, heel goed onderhou word.

8] Maar hoe sou die mens as sodanig voortbestaan as daar voortdurend in sy organisme nuwe aanpassings gemaak word? Sou elke hand en elke vinger dan nie ook ore, oë, 'n mond en neus wou hê nie? En sou dit so gebeur en daaraan toegegee en alles dadelik toegestaan word, hoe sou die mens se liggaam binne 'n kort tydjie lyk, aangesien niks anders as harte, oë, ore, neuse en monde aan hom ontdek sou word nie!

9] Kyk hoe dit in hierdie verband met die mense gaan, wie se lede almal onder mekaar 'n goed geordende gemeenskap vorm, dieselfde moet ook noukeurig in ag geneem word deur enige gemeenskap wat reeds gevorm is, of nog gevorm moet word!

10] Nogtans, wat die suiwer wêreldse samelewings betref, waarvan die ontstaan of bestaan geen ander doel dien, as blote vermaak nie, vind Ek geen ander wet vir sulke samelewings **as dat hulle bloot nie moet ontstaan of bestaan nie**. Maar waar hulle wel bestaan, moet hulle geen aanstoot gee en minstens so 'n dissipline aan die dag lê, dat hulle voorbeeld mense nie al teveel uitlok **en hulle aandag van My orde aftrek nie.**

11] Maar wanneer nuwe verenigings vir sulke aardse vermaaklikheidsdoeleindes gevorm word, daar sê Ek net: Hulle sal nie meer te lank bestaan nie, onder watter wet ook al. Want Ek staan voor die deur en is oorlaai met allerhande insettinge vir sulke gemeenskappe en sal vir My vooraf 'n engel stuur wat My koms sal aankondig en die aarde met sy skerp sekel sal reinig van die onkruid, wat nog altyd hinderlik was vir die vrye wasdom van My koring.

12] En hierdie engel sal ook 'n groot wierookbak hê, en daarmee 'n verskriklike rook uitstuur oor die hele aarde, sodat alle pes op die aarde in die rook ten gronde moet gaan. Maar verstaan goed wat bedoel word met die "sekel" en die "wierookbak"! Wie nie wysheid besit nie, moet nou weet dat die sekel die swaard beteken en die wierookbak, die skerp geskut.

13] Kyk, met sulke insettinge sal Ek dadelik en sonder versuim die wêreld besoek, weens haar vermaaklikheidsgemeenskappe en vele ander euwels wat daaruit voortvloei. Nogtans sal My Engel met die sekel en die wierookpan die huise spaar van die wat die deurposte van hulle huise gesalf het met die Woord van My Liefde en My erbarming. Want My Woord is 'n groot Genade vir die wat dit ontvang, en vir die deurposte goeie salfolie. Die engel sal die deur uitprobeer om te sien of dit by die deurpos kraak. As dit kraak, sal die engel die huis tot op die grond neerwerp. Maar as dit saggies oopgaan, sal die huis gespaar word:

14] Want as Ek kom, sal Ek soos 'n dief kom en stilweg die huis binnesluip. Daarom moet alle deurposte goed gesmeer wees. Want waar die deur kraak, gaan Ek nie binne nie. Maar die hart is die deur! - As dit vol **angs, ongeduld, vrees en gemor, ontrouheid, tweespalt** en dergelike ander ondeugde is, sal dit noodgedwonge by My aankoms aan My openbaar moet word. Kyk, die "dief" sal homself dadelik verwyder en **nie deur so 'n verwaarloosde deur binnekom nie!** En nog minder sal Hy ooit terugkeer as die groot Wetgewer van die ewige lewe!

15] Want waarlik, waar iedere mens is, is hy nie alleen nie, maar 'n hele geselskap is by hom. En wat daar die nodigste is, is 'n hoofwetgewer, sodat die gemeenskap eensgesind onder mekaar kan word en hierdie **eenheid 'n lewe kan wees vanuit en in My**. Maar as enige gemeenskap of persoon in voortdurende angs sweef tussen My en die wêreld, aan hulle gun Ek graag hul wêreldse vrede, en wil hulle met My Insettinge na die ewige lewe terugtrek. En dan kan daar wel weer samelewings van wêreldse vermaak ontstaan. Maar Ek sal nooit 'n vrede versteurder wees nie en sal nie terugkeer alvorens My engel met die sekel en die wierookbak verskyn het nie! - Dit sê Ek, Hy wat voor die deur staan. Amen!